Geliefde Lourensrivierder

Ek lees mos nou in die week 'n vers raak wat ek al hoeveel keer gelees het, maar ewe skielik begin die torretjie in my kop opgewonde rondhardloop toe ek besef "lieflik" kan 'n "gevoel" wees... dis hoe ander voel as ons Jesusliefde en die Boodskap van Hoop deel.... As ek dit nie mis het nie, is dit mos ons hoofdoel op aarde?? Of wat praat ek alles😊 Imagine DIT!
Ons <u>hoofdoel</u> hier op aarde is om mense gelukkig te maak deur Sy lig te laat skyn en hulle te laat sê "hoe lieflik is dit nie"♫
Wat 'n voorreg is dit nie??
Kyk net hier: ROMEINE 10:15 (NLV) "En hoe sal hulle die boodskap bring as hulle nie gestuur word nie? Daarom sê die Skrif: "Hoe lieflik klink die voetstappe van hulle wat die Goeie Boodskap bring!""

Waar dink jy het Paulus hierdie woorde vandaan gekry??
Uit die mond van die Profeet Jesaja.... "HOE lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!" Jesaja 52:7

Elkeen van ons het hierdie doel en die opdrag is deur Jesus self gegee en dit kom al vanuit Jesaja se tyd.....
Noutoe, laat ons voetjies begin werk♫♫

NUUSKRUMMELS: 26 JULIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

<u>LOURENSRIVIER VOEDSELFEES 2018: SAT. 1 SEPTEMBER 2018</u>
<u>(HIERDIE JAAR HET ONS FEES 'N BASAARHART♫♫)</u>

Ons woeker sommer nou al, so indien jy iewers wil help of betrokke raak, kontak asb vir:
Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766
Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091

Bydraes kan in die vorm van produkte (by kerkkantoor) of kontant gegee word.

VIR EFT'S/FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rek. Nr. 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & Basaar)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

Groete, Voedselfeeskomitee

JY IS OOK WELKOM OM ONS WOEKERHOEKIE VIR FONDSINSAMELING TE ONDERSTEUN:

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

DIE DOMINEE EN DIE "PIZZA"

Wil jy vir 'n slag heerlik lag en alles net laat gaan. So bietjie loskom, hare uitskud, heerlik kuier en net ontspan. Hier is die geleentheid!!!! Die toneel geskryf uit die bodem van die kerkgemeenskap sal jou nie een oomblik laat gaap nie.
Alles ware gebeure wat met predikante en gemeentes te doen het. So die tug is nie ter sprake nie, want dit is die waarheid so 'n bietjie "opgespice"

Ds Carel Smith se woorde." Baie oulik maar so 'n bietjie ondeund "
Dit word aangebied op die 16,17,18 Augustus 2018 in NG Gemeente Suider-Strand Kerksaal.
Begin 19:00 met sang voordrag, kore, musiek met 'n pouse en dan die toneel van ongeveer 'n uur.
Daar is ook 'n snoepie met iets om te eet, lekkergoed, koeldrank, tee en koffie.

Die konsert is gratis, donasies sal welkom wees!
Om die getalle te bepaal vir die onderskeie aande bespreek u plek by die kerkkantoor (021 8545076)

Kontak Ds John Smit vir meer inligting. 0791692249 (021 854 5055)

NUUS UIT ONS GEMEENSKAP:

Die bekende Medihelp Tekkie Challenge, ten bate van die kinders van Jan Krielskool, vind op Saterdag, 1 September 2018, by die Jan Krielskool in Kuilsrivier plaas.

Hierdie jaar bied Jan Kriel die splinternuwe Ride & Run, wat bergfiets en Trailrun insluit, ook op Saterdag 1 September 2018 by Delvera aan.

Indien daar mense is wat belangstel, laat weet vir my, dan stuur ek vir julle die inskryfvorm, wat al die inligting bevat.

Vriendelike Jan Kriel-groete
Anetha Hattingh





<u>FOUR FEET FORWARD</u> is passionate about wanting to safeguard our children from potentially harmful situations and habits. The name integrates your two feet, our two feet, moving forward to help all children understand and identify danger and respond appropriately.

We feel that it is important that parents and teachers communicate with children about sometimes difficult topics, so that the child gains an understanding of the facts, as well as being encouraged to talk about his or her own fears and worries. Children learn about trust through communication and parents who show interest in their well-being. By spending time with your child through our carefully selected activities, children learn to trust and talk to you when they experience difficulty in dealing with life's challenges. We have, therefore, developed educational activity books for children, as well as parent manuals to discuss topics and have fun together whilst building a relationship of trust. Each set of books include a FREE DVD with songs and stories relative to the topic, making it fun and easy for the child to remember.

Contact: Larne Heyns (021) 100 3230 or sales@fourfeetforward.co.za

Onderwerpe van die hoofsprekers:

- Hoe kan ons ons kinders toerus vir die toekoms?
- Die binnewerking van kinders met uitdagings
- Kinders in vandag se skolekonteks
- Die impak van tegnologie op kinders

Kursusgangers kan elke dag twee van die volgende werkswinkels bywoon:

- Tekentegnieke
- Leer buikspraak met handpoppe
- Hoe begin ons 'n Kix-groep?
- Kreatiewe gebed met kinders
- Fasilitering van 'n groepie
- Hantering van boelie-gedrag
- Depressie onder kinders
- Gewoontes in die huis
- Kinders en musiek
- Aanbiedingstegnieke
- Bediening in skole
- Gebruik tegnologie in kinderbediening

Jy mag dit nie misloop nie! Skryf sommer dadelik in om verseker te wees van 'n plek!

Re-Imagine Matriekfees!

re#imagine Matriekfees!

Van 28 November tot 5 Desember

Slegs R1800 (As jy voor 30 September inskryf betaal jy slegs R1500, voor 30 Oktober slegs R1750—so skryf so gou moontlik in!)

Epos ons vir Inskrywingsvorm of download dit van ons Facebook page of group af

Slegs vir die matrieks van 2018!

Kontak Faani vir navrae
reimaginematriekfees@gmail.com
Instagram: reimaginematriekfees

Tel: 021-591 6355
Sel/Whatsapp: 083 856 1951
Facebook page: Re-imagine Noordhoek Matriekfees
Facebook groep: Noordhoek re-Imagine Matriekfees 2018

25 November tot 5 Desember! Slegs Matrieks! 'n Wegbreekweek... Met jou tone in die sand...

Ons is opgewonde oor twee groot geleenthede van 2018 – |

die Kinderkonferensie in September en Matriekfees einde November!

Kontak my gerus met enige navrae.

Groete en seën!

Maryke Fourie
Jeug & Familie-bediening
Communitas
NG Kerk in Suid-Afrika | Sinode van Wes-Kaapland
T: 021 808 9050
jeug@sun.ac.za

KNIEWERK

- Ons innige meegevoel met Anna Hanekom en Tancred familie met die heengaan van haar suster, Doreen (HJS)
- Fanie Viljoen herstel na operasie
- Paul Louw (kanker)
- Lenie van Zyl ernstig in hospitaal
- Stephan Basson herstel na roofaanval
- Ons loof die Here en dank Hom vir die reën en dam vlakke wat steeds styg.
- Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid vir ons land se leiers

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 29 JULIE SE BOODSKAP: JOH 6:1-21 (10DE WEEK IN KONINKRYKSTYD – DS PETRIE DE VILLIERS)

Jesus gebruik 'n moeilike situasie om ons totale afhanklikheid van Hom te leer. Dit is wonderlik om te weet dat Jesus reeds die antwoorde en oplossings vir elke probleem situasie het.
Die groot gevolg wat agter Jesus aankom, is veral daar omdat hulle die wondertekens gesien het. Vir Jesus het dit egter nooit gegaan oor mense wat Hom volg om wondertekens te sien nie. So 'n geloof hou egter nie lank nie – dit word gekoppel aan die wonderdade – en wat dan daarna? Dit is net die geloof wat God gee, wat in Hom alleen geanker is, wat vir altyd hou.
Filippus se antwoord openbaar die dissipels se manier van dink. Hulle dink met 'n **skaarste mentaliteit** in plaas van 'n **oorvloedmentaliteit**.

Wat word daarmee bedoel?

- Mense met 'n skaarste mentaliteit dink altyd wen-verloor; dit kan nie, dit werk nie.
- Daarteenoor dink mense met 'n oorvloedmentaliteit altyd wen-wen; ek maak dit werk, dit kan.

Die vermeerdering van die brood en die loop op die see is natuurwonders wat bewys dat Jesus nie net oor siektes gesag het nie, maar ook oor die kragte van die natuur. In 1:3 is gesê dat "alle dinge deur Hom ontstaan het", en nou word bevestig dat Hy ook oor alle dinge heerskappy voer.

Nou kom die volgende vrae weereens na ons toe:

- Glo ek regtig dat Jesus die Profeet is, die Een wat na die wêreld toe moes kom, die Een wat uit sy oorvloed vir ons almal genade op genade gee en, die Een wat gekom het sodat ons almal die lewe kan hê, en dit in oorvloed?
- Lewe ek met 'n skaarste (negatiewe) mentaliteit of met 'n geloof mentaliteit?

-Willem Botes-